PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Polsslag

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 011 849 6817
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

7 Mei 2017

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

OGGENDDIENS 09:00

dr. Braam Krüger

Skriflesing: *Matteus 18: 1 - 14*
Teksvers: *Matteus 18:14*
Tema: *Is kinders belangrik in die kerk? Hoe belangrik?*

LOF- & AANBIDDINSDIENS 18:00

dr. Braam Krüger

Skriflesing: *Filippense 2: 5 -11*
Teksvers: *Fillippense 2: 7c - 8*
Tema: *Volg Jesus!*

AANDDIENS 18:30

ds. Louis Buys

Skriflesing*: Johannes 21: 1-14*
Teksvers*: Johannes 21: 7*
Tema*: Wanneer jy Jesus raaksien in jou lewe, verander die allerdaagse na die buitengewone.*

ORRELLISTE VANDAG

Oggenddiens:	Cornelia Bakker
Aanddiens:	Tarina van der Merwe

KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

Ons is dankbaar saam met:

- *Hermien Venter wat vir kanker behandel word, en dankbaar is aan ons Hemelse Vader vir Sy genadige genesende Hand. Die kankermerker daal steeds, asook die lewertelling.*

Ons verwelkom die volgende wat in die GK Kerkverband opgeneem word vandag:

- *Erika Vorster*
- *Diederick & Coleen van Wyk*
- *Debbie & Pieter Vermaak*

Hartlik welkom, ons hoop dat julle spoedig tuis sal voel by GK-Benoni

Gelukwensings:

Die Heilige Doop word vandag bedien aan:

- *Elija Maximillian Steuber, seuntjie van Lizé-Marie en Jochen Steuber.*
- *Kean Pieter Vorster, seuntjie van Erika Vorster.*

Ons bid die verbondsouers sterkte en leiding toe met die verbonsonderring van hul kinders.

Het jy behoefte dat iemand vir jou of saam met jou bid?
Jy kan jou gebedsversoeke stuur na 084 627 2393
Ons bid graag vir jou!

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE NA DIE EREDIENS IN DIE SAAL.

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

DAG		AKTIWITEIT	KONTAK PERSOON	LOKAAL
So. 7/05	08:00 - 09:00 09:00 Na oggenddiens 18:00	Gebedsuur Peueterklas (2-4jaar) Katkisasie gr 1-7 Katkisasie gr. 8-11	Donsie Krüger Anneke Salomons Adri van Tonder Adri van Tonder	Ou Moederskamer Kerkhuis Onderskeie lokale Onderskeie lokale
Ma. 8/05	09:30	Bybelstudie Rynpark 5	Adrie Goede	Rynpark 5
Di 9/05	09:00	Koördineringsvergadering		Konsistorie
Wo. 10/05	19:00 18:30	Kerkraadsvergadering Kairos kursus	Harry Salomons Louis Buys	Konsistorie Jeuglokaal
Vr. 12/05	09:00	Bybelstudie Kairos Kursus Jeugaksie—Musuem	Braam Krüger Louis Buys Adri van Tonder	Konsistorie Jeuglokaal Museum—Pretoria
Sa. 13/05	08:30 - 15:00	Kairos Kursus	Louis Buys	Jeuglokaal

AANDAG ALLE JEUG –JEUGAKSIE NAG BY DIE MUSEUM

MUSEUM

Datum: Vertrek DV 19 Mei 2017 om 17:00 vanaf die kerk
Waar: Transvaalse Museum Pretoria
Wie kan gaan? Alle Laerskool en Hoërskool katkisante
Koste:
GK Benoni katkisante (kinders): Donasies welkom
Volwassenes/Ander kinders: R150.00pp
Wat bring ek saam?
1. Slaapsak en kussing
2. Toiletware (slegs basiese geriewe is beskikbaar– geen bad of stort)
3. Klere om in te slaap en vir volgende dag
4. Eetgerei
5. Pen/potlood
6. Flits of koplig
7. Middernag verversings
8. Kamera – op eie risiko
9. Vrywaringsvorm:- vra by adri@lahanilodge.co.za

Waar gaan ons slaap?
In die museum, seuns en meisies in aparte uitstallingsale, met 'n toesighouer by elke groep

Wanneer is ons terug?
Ons beplan om teen 09:00 Saterdag oggend te vertrek by die museum.

RSVP:
15 Mei 2017 by Adri - adri@lahanilodge.co.za

MASSA LOF– EN AANBIDDINGSDIENS
14 MEI 2017 @ 17:00

PREDIKER: HENDRIK VAN DEVENTER
TEMA:

$R_1 S_1 V_4 P_3$

Aanbidding is nie net 'n paar liedjies wat gesing word nie, maar dit is 'n manier van leef. 'n Leefstyl van aanbidding word gekweek in jou afhanklikheid van God.
"Worship is a response to revelation".
Hoe meer openbarings ons in ons persoonlike tyd kry van God hoe groter gaan ons reaksie in aanbidding wees.
Muffins & warm sjokalade na die diens.

Navrae: Melani van Wyk ☎ 072 592 8866

PALMS BYEENKOMS
17 MEI 2017
09:30 VIR 10:00
Alle Palms word genooi vir 'n oggend van vermaak, Woensdag 17 Mei @ 09:00.
Die kleuters van die Pikkewyntjie kleuterskool gaan optree, en daar sal ook 'n gasspreker wees.

Navrae: Una Steyn ☎ 083 309 4017

BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 23 April 2017 se antwoord- Johannes 6:1
" Hierna het Jesus na die oorkant van die See van Galilea gegaan, wat ook die **See van Tiberias** genoem word. "
Die volgende Bybel lesers het korrekte antwoorde ingestuur Martie Gibson; Jan Bakker; Una Steyn; Judy Greyling; Chrissie Pretorius; Derik van Niekerk; Johan Harmse – Vers? Naam?

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here.voorspoed en nie teenspoed nie. Ek wil vir julle
'n **??????? ??? ? ??????????**. "

Vraag: Wat wil die Here vir die ballinge gee volgens die boodskap via die profeet Jeremia?
Lees gerus Jeremia noem die twee dinge wat die Here vir sy volk beplan en noem waar bostaande vers staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173.

HEMELVAARTSDIENS
DONDERDAG 25 MEI @ 18:30

Op **Hemelvaartsdag** (Latyn: Ascensionis Domini) vier Christene dat Christus ná die kruisiging en opstanding in die hemel opgevaar het. Die viering van Jesus se hemelvaart is een van die hooffeeste van die kerk. Hemelvaartsdag val altyd op die veertigste dag gereken vanaf Eerste Paasdag, vandaar dat die datum elke jaar verskil. Hemelvaartsdag val wél elke jaar op 'n Donderdag. Hemelvaartsdag val tien dae vóór Pinkster.

Kom vier hierdie betekenisvolle gebeurtenis saam met ons! Almal baie welkom.
Sop en broodjies sal na die diens bedien word.

GK-BENONI JEUGLOKAAL

Met groot dankbaarheid kan ons aankondig dat die langverwagte opgraderings aan ons jeuglokaal voltooi is.
Die lokaal is in die kerkhuis (ou sitkamer).
Die lokaal is nie alleen vir die jeug se gebruik nie, maar is ook beskikbaar teen 'n nominale fooi vir klein funksies of wyksbyeenkomste.
Gaan loer gerus.

Kontak Ina Bolt ☎ 084 339 1136 vir lokaalbesprekings.

VERJAARSDAE
7 - 13 Mei 2017

DAG	NAAM	KONTAK NO.
7/05	Bertie Markram Danel Venema Kayla Scholtemeyer ☺ Pieter Classen * Sonia van Krieken ☺	074 589 0658 072 673 1980 082 976 3567
8/05	BJ du Randt Hein Terblanche Marleze Reinecke	082 789 5918 073 942 5434
9/05	Linda Damons Quintin Nel (jnr.) ☺ René Bosch Stephan Potgieter Tjaard van der Walt ☺	073 228 5620 082 564 3277 083 305 8024
10/05	Dinie Veenstra Mishca Johnson ☺	082 350 5863
11/05	Bertie van der Merwe ** Erik Porgieter Louise van Zyl	084 210 3160 076 214 8009 082 902 8381
12/05	Ary Venter ☺	
13/05	Lente van Krieken ☺	

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

TEESKINK BEURTE

Vandag	Wyk A2 olv. Evert Bolt
Volgende week	Wyk F29 olv Johan Lighthelm

OUDERLING DIENSBEURTE

Vandag	Flippie Opperman
Volgende week	Gerrie Kriek

KOLLEKTES 30 April

- Diens van Barmhartigheid : R 5301
- Dankbaarheidsfonds : R 1607

Vandag: Onder die diens: DVB
By die deure: Bybelverspreiding

Volgende week: Emeritaatsversorgings Trust

DEEL 13

'EET WAT JY WIL … ZWINGLI'

7 Mei 2017 Johan van der Merwe Reformasie 500, teologie

Hierdie woorde van Ulrich Zwingli tydens 'n preek op 30 Maart 1522 is tiperend van die hervormer van Switzerland.

Zwingli het hom openlik uitgespreek teen teologiese wanpraktyke van die Katolieke Kerk. Een daarvan was die gebruik om te vas tydens lydenstyd.

Nadat een van sy volgelinge, die drukker Christopher Froschauer besluit het dat sy uitgeputte werkers wors in plaas van vis tydens lydenstyd kon eet, is al die worseters deur die stadsvaders van Zürich gearresteer en in die trunk gegooi.

Zwingli het sonder om te skroom gereageer deur in die preek te beklemtoon dat die mens vry is om te eet wat jy wil wanneer jy wil omdat Christus die mens kom vrymaak het!

Zwingli is op 1 Januarie 1484, sewe weke na die geboorte van Luther, in die dorpie Wildhaus gebore. Nadat hy sy skoolloopbaan in Latyn voltooi het, en aanvanklike studie aan die universiteit van Wene, het hy sy studie in 1502 aan die Universiteit van Basel voortgesit.

Dit is daar waar hy tydens die lesings van Thomas Wyttenbach oor die Romeineboek besef dat vergifnis van sonde alleen in die dood van Jesus Christus te vinde is.

Luther en Zwingli het net een keer persoonlik in 1529 in Marburg ontmoet. Die vonke het gou gespat toe die twee hervormers mekaar se teologie verwerp het en radikaal oor die nagmaal verskil het.

Die rede daarvoor is waarskynlik die feit dat Luther 'n hervormer geword het nadat 'n lang geestelike stryd hom na 'n klooster gedwing het. Zwingli, aan die ander kant, was 'n humanis met 'n meer rasionalistiese benadering tot godsdiens. Luther was 'n volgeling van Augustinus, Zwingli 'n volgeling van Erasmus.

In 'n stadium het die debat persoonlik geraak en het Zwingli Luther toegesnou: "Hierdie sal jou rug breek!" waarop Luther gereageer het met: "Moenie te gou spog nie. Hier word nie nekke gebreek nie. Jy is nou in Duitsland, nie in Switzerland nie."

Hoewel Zwingli later verskoning gevra het, was die skade gedoen en het die twee se paaie uiteen gegaan.

Zwingli het die reformasie in Switzerland aangevoer, maar word ook onthou vir sy bitter gevegte met die anabaptiste (wederdopers). Die marteldood van Felix Manz wat op 5 Januarie 1527 verdrink is, het 'n donker skadu oor die lewe en werk van Zwingli gegooi.

Zwingli self het in die tweede Kapperoorlog in 1532 gesterf toe hy van sy perd afgeval het en met 'n sward deurboor is. Dit het 'n einde gebring aan die reformasie in Switzerland.

LEES VOLGENDE WEEK: CALVYN 'N VLUGTELING - SENDELING

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE:

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

Of Snapscan:

Diens van Barmhartigheid

Bybelverspreiding